Gereformeerde Kerk Trinitas
Oggenddiens 2017-04-23
Eksodus 32:17-35
Fokus – Verse 26 & 30

<u>God gee aan ons die gawes sodat ons dit kan teruggee deur ons gawes te gebruik</u>

<u>Inleiding</u>

Ons almal het al die gesegde gehoor – so gemaak en so gelaat staan. 'n Bepaalde eienskap word aan ons toegeskryf en niks wat jy kan doen, kan die eienskap verander nie. Sommige eienskappe is oorerflik, party meer negatief as positief. Sommiges van ons het dalk al gehoor – Jy is net so hardkoppig soos jou pa.

Tog kan die mens verander. Net so kan hierdie eienskappe ook ten goede aangewend word. Dit is ook die geval met gawes.

In Gen. 49:5 is Jakob besig om sy verskillende seuns te seën. Wanneer dit die beurt is van Simeon en Levi word die volgende van hulle gesê – "*Simeon en Levi is broers. Hulle wapens is werktuie van geweld."*

Geweldadig – dis tog nie 'n eienskap wat noodwendig as positief gesien word nie, veral as dit die wyse is waarop jou eie pa jou beskryf. Tog leer ons aan die hand van Eksodus 32 op watter wyse God bepaalde eienskappe in gawes verander.

God gee aan ons die gawes sodat ons dit kan teruggee deur ons gawes te gebruik

- God gee aan ons die gawes soos wat die kerk dit nodig het
- God gebruik ons gawes op die wyse wat hy dit nodig
- Gebruik jou gawes tot opbou van die kerk

<u>God gee aan ons die gawes soos wat die kerk dit nodig het</u>

Wanneer ons net kyk na die wyse waarop Jakob vir Levi seën in Gen. 49 lyk dit nie of daar enige hoop is vir Levi nie. Hoe sal so 'n geweldadige man gebruik kan word in die raadsplan van God?

Voor ons die antwoord op hierdie vraag kry, kom ons kyk saam na die gebeure van Eks. 32. Die eerste gedagte wat by ons opkom wanneer ons oor Eksodus dink, is die verlossing uit Egipte. Die uittog uit Egipte uit. Die hooftemas van die boek kan in twee gedeel word – die eerste gedeelte fokus op God se verlossing uit Egipte. Die tweede gedeelte fokus op die wyse waarop God sy verbond met die volk hernu.

Tog is die ongehoorsaamheid van die volk 'n deurlopende gedagte in die Ou Testament. Eks. 32 is hiervan 'n baie duidelike voorbeeld. Moses is weg op die berg waar God met hom praat en aan hom die wet en voorskrifte gee.

Die volk wat agterbly raak ongeduldig want hulle leier vat te lank om terug te kom.
Dan word daar besluit om die goue kalf te bou. Die volk gee al hulle goue juwele en dit word gegiet in die vorm van 'n kalf. Hulle belydenis getuig daarvan dat hulle God meer dien nie. Eks. 32:4 – "*Hier is jou God wat jou uit Egipte bevry het, Israel."*

Moses kom dan by die berg af en wanneer hy die goddeloosheid van die volk raaksien word hy so kwaad dat hy die kliptafels van die wet stukkend gooi.

Moses probeer agter die kap van die byl kom oor wie skuldig is vir hierdie vreeslike sonde. Aaron swyg en sê dat die volk hom oortuig het en dat hy sy bes probeer het om die volk op die regte pad te hou.

Die volk het verkeerd opgetree. Die volk moet boet vir hulle sonde. Moses soek of daar darem iewers nog iemand is wat regverdig is tussen die volk. "*Wie vir die Here is, kom hier na my toe."*

Moses het van die berg afgekom en staan nou tussen die volk en die berg – die teenwoordigheid van God. Moses staan tussen die volk en God. Dan kom die Leviete na Moses toe. Met hierdie handeling wys hulle dat hulle vir die Here is.

Die Leviete tree weg van die volk af in die rigting van die berg. Die opdrag wat Moses vir die Leviete gee, gee iets weg van die Leviete se gawes. Die geweldadige Levi se nageslag word opgeroep om die swaard te neem. Hulle word opgeroep om dit te doen wat hulle goed doen – geweld. Maak dood. Vernietig. Die gawes van die Leviete word gebruik om die werk van die Here te doen. God gee dus die gawes wat nodig is. Hy gee egter ook die gawes op die regte tyd en die wyse wat Hy dit benodig.

<u>God gebruik ons gawes op die wyse wat Hy dit nodig ag</u>

3000 Israeliete word om die lewe gebring. Hulle boet met hulle lewens omdat hulle afgode gedien het. Die Leviete, die nageslag van die geweldadige Levi het hierdie volksgenote om die lewe gebring.

Dan word die swaarde gebêre. Die geweldadige Levi se nageslag het gedoen wat God van hulle vereis het. Hulle het opgetree namens God. En dan is dit verby. Die Leviete word nou afgesonder vir diens van die Here.

Vers 29 sê letterlik "*vul vandag julle hand om te offer aan die Here."*

Die Here maak hulle hande vol met die gawe om te kan dien. God gee om aan Hom terug te gee. Die gawe van die Leviete was nie net om oorlog te voer nie. Vers 25 maak dit duidelik deurdat die Leviete langs Moses gaan staan het, dat hulle getrou is aan die Here – die gawe van gehoorsaamheid, die gawe van diensbaarheid.

En dit is juis op grond van hierdie diensbaarheid dat die Here die Leviete afsonder om diens te doen vir Hom. Hulle word die priestervolk.

In Deut. 10:8 lees ons dat die stam van Levi afgesonder word sodat hulle die verbondsark sal dra, sodat hulle in die tempel diens kan doen en sodat hulle kan seën.

God gee die gawe aan die stam sodat hulle diensbaar kan wees. God gee aan hulle die gawe om Hom te dien, en eis dan dat hulle Hom dien. Hy maak letterlik hulle hande vol met gawes en eis dan – Dien My!

Hy sonder hulle af om Hom te dien met die gawes wat Hy aan hulle gee. Die gawe van oorlogvoering en geweld lyk of dit iets van die verlede is. Het hulle die gawe verloor?

Nee. In Numeri 31 lees ons van die oorlog teen die Midianiete. Hier word al die volke opgeroep om te gaan oorlog maak, selfs die Leviete. Hier was dit egter nie maar bloot oorlog nie. Die Leviete word opgeroep om hier weer die swaard te gryp omdat dit die wyse is waarop God se straf en oordeel oor die Midianiete sal kom. Weereens sien ons dat God gawes gee en dan gebruik op die wyse wat Hy dit nodig ag.

Gebruik jou gawes tot opbou van die kerk

God het die Leviete opgeroep om priesters te wees. Deur die volkome werk van Christus as ons hoogste priester, is ons ook nou deur sy dood en opstanding self ook priesters.

Daarom eis God ook dat ons ons gawes sal gebruik tot opbou van die kerk. God gee. Hy maak ons hande vol en eis dat ons Hom sal dien daardeur.

Jy mag dalk sê: "*Maar ek het nie gawes nie." "Hoe weet ek wat my gawes is?"*

Geliefdes jy is 'n lewende gawe. Rom. 12:1 beveel dat ons onsself sal gee as lewende offers. Jou hele lewe moet getuig van jou gawes ongeag hoe klein en nutteloos dit vir jou kan voel.

Ons gemeente het soveel geleenthede waar jy kan betrokke raak om te help.Jy het dalk nie die gawe gekry om te kan bemoedig nie, maar jy is dalk administratief vaardig. Jy kan dalk nie kos maak vir 'n funksie nie, maar jou vaardighede met 'n rekenaar kan die las van iemand anders ligter maak.

As jy 'n gawe het wat dalk nie op die stadium benodig word nie, skep 'n geleentheid waar daardie gawe gebruik kan word.

Moenie dat jou gawe vir jou 'n struikelblok word nie. Die Heilige Gees maak ons attent op die gawes wat ons ontvang het, net so skep die Gees geleentheid vir ons om diensbaar te wees met ons gawes. Dit is ons wyse van dankbaarheid.

Wanneer jy wel voel dat jy nie die gawe het nie, God gee die gawes op die wyse en tyd wat Hy goed dink.

Slot

'n Man wat bykans vervloek is deur sy pa as gevolg van sy geweldadige aard, se nageslag word gebruik juis om daardie gawe uit te leef. God gee aan elkeen van ons gawes soos wat Hy dit nodig ag. Net so gee Hy dit ook wanneer Hy dit nodig ag.

Moenie bang wees om jou hande vuil te maak vir die koninkryk nie. Roep mekaar op om diensbaar te wees met ons gawes. Die Here maak ons hande vol – dien Hom daarmee.